Ges. 47: 2,3. **Wat het Xtus Gekruisig: Onkunde** L | Patch 8.3.59
" 62: 5. Linden 5.3.61
" 39: 5,6,7.

Luk. 23: 33-43.

Luk. 23:34- En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Agter elke mens se daad en late skuil daar sekere gedagtes, drange, begeertes wat sy dade bepaal en verklaar. So skuil daar agter d. optrede v.d. persone & groepe wat aandadig was aan Xt. se kruisiging sekere dryfvere, oorsake wat dd. optrede verklaar. In hd. eerste kruiswoord van Jesus, hd. gebed, lê dan ook d. antwd. op d. Vr.: Wat het Xt. laat kruisig? Onkunde (Teks.)

Laat ons eers kyk na hd. Kruiswd. Dis die eerste van 7 ~~[illegible]~~ wat in die 4 evangelies opgeteken is. Geen Evangelis gee almal nie: elkeen gee dié wat d. naaste spreek tot h/s en aansluit by sy siening & meelewing v. Xt. se lyding. Net Lukas gee hd. eerste wd: bekend as die ~~Evange~~ Evangelis wat Jesus veral teken as d. Vriend v. sondaars — en watter Kruiswd weerspieël dit mooier as hd.?

Hd. Kruiswd is 'n gebed — nes d. ~~laaste~~ 7de: Xtus begin & be-eindig sy Kruislyding met gebed.

Laat ons afsonderlik kyk:

I. Die Gebed II Die Pleitgrond III Die Verhoring

I **Die Gebed**: Hoe innig, hoe intiem weerklink d. aanspreekswoord: VADER! So geheel onvanpas in dd. atmosfeer van vloek & spot & skel om te hoor dat iemand daar bid — en dit nogal een v.d. gekruisigdes. ~~Dit~~ „So iets het ons hier op Golgotha nog nooit beleef nie!" En dan nogal: VADER!

En tog so verklaarbaar: was dit dan nie

Jesus se taaiheid, sy sterkte, sy lering, sy onderwys van die eerste dag nie? Nie net alleen dat hy sy krag geput het uit gebed nie, maar veral dat hy beklemtoon het ~~dat~~ hoe groot vergifnis is vir d. Xten se lewe en getuienis! Trouens: dit was d. grondnoot van die Koninkryk v God wat Hy reeds in d. Bergrede verkondig het:
„Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg"

En toe ~~hulle~~ sy diss Hom gevra het hoe hulle moet bid het Hy hulle geleer om te sê: „Vergeef ons ons skulde soos ons onse skuldenaars vergewe". En toe Petrus gevra het of dit genoeg was as ons tot 7 maal vergewe" was Xt. se skokkende antwoord: Nee – tot 70 x 7! En hier nou – in die donkerste uur van sy lewe – hier bevestig Xtus sy onderwys, sy lering met 'n roerende, aangrypende gebed om vergifnis as Hy uitroep terwyl d. hamerslae weerklink, terwyl d. naels die handpalms deurboor: „Vader, vergeef hulle"! O, watter geweldige toets vir d. groot liefde van Xtus vir die wêreld! So lief het God d. wêreld gehad dat Christus in die uur van smartlike lyding v smaad kon bid: „Vader, vergeef hulle"!

Nog merkwaardiger as ons dink vir wie Xtus dit bid. Wie's die hulle?

a) In allereerste plek vir d. soldate wat besig is om Hom a.d. kruis te nael

b) In 2e plek: vir Pilatus wat medeskuldig was aan sy kruisiging

c) In 3e plek: vir Koning Herodes

d) In 4e plek: Vir d. wispelturige volk

wat een oomblik uitgeroep het: „Hosanna" en
d. ander oomblik: „Kruisig Hom!"
e) hier ook hier d. Sanhedrin, hier Kajafas, hier
— ja. ~~hier~~ d. ganse wêreld word in hd. gebed
ingesluit — ook u en ek! vergewe word?
Hier d. antwd. op d. gewetenskwelling: my skuld ooit
II Die Pleitgrond: „Want hulle weet nie ..."
Hr. is dit waar? Het hd. mense dan nie ge-
weet wat hulle doen nie?
① Die soldate: dan nie besef?
② Pilatus: wat self 3 maal gesê het: „Ek
vind geen skuld in dié Man nie", wat deur sy
vrou gewaarsku was — dan nie geweet nie?
③ Die volk: Onder wie Jesus 3 jr. gewandel het,
wat alles aanskou het ~~…~~: sy wonders, sy onder-
rig, sy lewe — dan nie geweet nie?
④ Kajafas & d. Joodse Raad: wat tog die O.T.
geken het, die voorspellinge van d. Koms v.d.
Messias, hulle wat Christus as Koning moes
gekroon het — dan nie geweet nie?

As ~~dit~~ ons moes uitspraak gee op hd. vraag
weet u wat sou ons geantwd. het? „Natuur-
lik het hulle geweet! Hulle is skuldig!"
En daarmee sou ons onsself verdoem en ver-
oordeel het — want as hulle geweet het.
~~het~~ dan weet ons ook!

Hr. nou kom Xtus en Hy sê: nee, hulle
het nie geweet nie! En Petrus ~~Paulus~~ bevestig dit
op Pinksterdag: „Ek weet dat julle dit in
onwetendheid gedoen het" En Paulus be-
klemtoon dit in 1 Kor. 2:8 „Want as hulle dit
geken het, sou hulle die Here v.d. heerlikheid
nie gekruisig het nie"

O, wat 'n wonder van genade dat Xtus so kon dink en bid! Anders: geen hoop op aanneming tot kinders van God! Hd. gebed die hemel vir elke verlore sondaar oopgeskuif!

III Die Verhoring v.d. Gebed: Is dit verhoor? Natuurlik: Xtus kan nooit anders bid as volg. Gods wil – & daarom word sy gebed natuurlik verhoor! (Joh. 11:42 – graf v. Lasarus).

① As skare terruggaan – slaande op borste?
② As hoofman oor 100 uitroep!
③ As 3000 mense 7 weke later uitroep: wat moet ons doen..? ④ Stefanus dit herhaal
⑥ As martelare deur d. eeue dit ook bid – & d. Kerk daardeur groei?
⑤ As 'n vyand v.d. Kruis word 'n volgeling van Jesus?

→ Watter troos vir ons!
→ Watter verantwd! Om ook so te bid!

① Vir elkeen wat in dwaashd, in haat, in vooroordeel, in onkunde ons benadeel: Bid!

② Vir elke volk of groep wat in strewe na onafhanklikhd & selfstandigheid, in blinde vooroordeel teen hulle minderes optree: Bid!

Dink in besonder v/d aan die nie-blanke massas van Afrika in hulle blinde haat teen al wat blank is – ook d. Xdom, ja Xtus self, verag, bespot, verwerp: Sal